Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Toespitsing!

Skriflesing 1: Markus 1:14-20 (1953)

14 EN nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa
gekom en die evangelie van die koninkryk van God
verkondig
15 en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het
naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie.
16 En terwyl Hy langs die see van Galiléa loop, sien Hy
Simon en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te
gooi; want hulle was vissers.
17 En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak
dat julle vissers van mense word.
18 En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg.
19 En toe Hy daarvandaan 'n bietjie verder gaan, sien Hy
Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, wat
besig was om die nette in die skuit heel te maak.
20 En dadelik het Hy hulle geroep, en hulle het hul vader
Sebedéüs met die gehuurde mense in die skuit laat staan en
Hom gevolg.

Skriflesing 2: Jona 3:1-5 (1953)

1 EN die woord van die HERE het vir die tweede maal tot
Jona gekom en gesê:
2 Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé, en
verkondig daar die boodskap wat Ek jou sal sê.
3 Toe maak Jona hom klaar en gaan na Ninevé volgens die
woord van die HERE. En Ninevé was 'n ontsaglike groot
stad, drie dagreise te voet.
4 En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en
het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé
verwoes.
5 En die manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag
uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad beklee.

Broodjies vir die pad

VIRRIE JIRRE

Psalm 115

Nie vi onsie, Jirre, nie vi onsie,
ma vi u se genade en u se trou,
sal ons u Naam op onse lippe hou!

Nou kom vra die nasies: Wa bly dié Jirre van jou?
Hy woon innie jimmel, en Hy doen wat Hy wil!

Jille se gotte is klip en klei yt mensehanne yt gebrei:

Hille't monde, ma hille pratie; hille't oge, ma hille sienie.
Hille se ore kannie horie, en hille se nese willie rykie.

Hille se voete loop lam en hille se handjies raak rond -
en klei-kele dié kan mossie klinkie!

Jille wat goejoppe maak, jille gat self ok skynheilag raak.

Mens-goed vannie dyne, vetrou oppie Jirre,
Hy's jille se pyl en Hy's jille se boog!
Jille wattie Jirre vrees, vetrou oppie Jirre,
jille se pyl en jille se boog!

Die Jirre het ons geonthou, en Hy't ons gekom seën.
Ons wat Hom vrees, ons sal geseënd wees.
Hy sal ons meerderder maak, ons en onse kinnerse.

Dis nou dieselle God dié wattie jimmel ennie aarde
in Hom heilage hanne hou.
Die jimmel is virrie Jirre ennie aarde issie mense s'n.

Asems wat kla gevetrek het, kannie van God getygie,
ma ons wat nog lewe, ons, ons moet Hom lowe! Etse!

Hans du Plessis / 18 Januarie 2015

http://versindaba.co.za/2015/01/19/hans-du-plessis-virrie-jirre-psalm-115

◆◆◆

Apparently the White House referred to Christmas Trees as Holiday Trees for the first time this year which prompted CBS presenter, Steven Levy, to present this piece which I would like to share with you. I think it applies just as much to many countries as it does to America.

A little sanity please...
Only hope we find GOD again before it is too late!!

The following was written by Steven Levy and recited by him on CBS Sunday Morning Commentary.

My confession:

I don't like getting pushed around for being a Jew, and I don't think Christians like getting pushed around for being Christians. I think people who believe in God are sick and tired of getting pushed around, period. I have no idea where the concept came from, that America is an explicitly atheist country. I can't find it in the Constitution and I don't like it being shoved down my throat...

Or maybe I can put it another way: where did the idea come from that we should worship celebrities and we aren't allowed to worship God as we understand Him? I guess that's a sign that I'm getting old, too. But there are a lot of us who are wondering where these celebrities came from and where the America we knew went to.

In light of the many jokes we send to one another for a laugh, this is a little different: This is not intended to be a joke; it's not funny, it's intended to get you thinking.

In light of recent events... terrorists attack, school shootings, etc.. I think it started when Madeleine Murray O'Hare (she was murdered, her body found a few years ago) complained she didn't want prayer in our schools, and we said OK. Then someone said you better not read the Bible in school... The Bible says thou shalt not kill; thou shalt not steal, and love your neighbor as yourself. And we said OK.

Then Dr. Steven Benjamin Spock said we shouldn't spank our children when they misbehave, because their little personalities would be warped and we might damage their self-esteem (Dr. Spock's son committed suicide). We said an expert should know what he's talking about.. And we said okay..

Now we're asking ourselves why our children have no conscience, why they don't know right from wrong, and why it doesn't bother them to kill strangers, their classmates, and themselves.

Probably, if we think about it long and hard enough, we can figure it out. I think it has a great deal to do with 'WE REAP WHAT WE SOW.'

Funny how simple it is for people to trash God and then wonder why the world's going to hell. Funny how we believe what the newspapers say, but question what the Bible says. Funny how you can send 'jokes' through e-mail and they spread like wildfire, but when you start sending messages regarding the Lord, people think twice about sharing. Funny how lewd, crude, vulgar and obscene articles pass freely through cyberspace, but public discussion of God is suppressed in the school and workplace.

Are you laughing yet?
Funny how when you forward this message, you will not send it to many on your address list because you're not sure what they believe, or what they will think of you for sending it.
Funny how we can be more worried about what other people think of us than what God thinks of us.

Pass it on if you think it has merit.
If not, then just discard it... no one will know you did. But, if you discard this thought process, don't sit back and complain about what bad shape the world is in.

http://myrightwingdad.blogspot.com/2014/11/fw-fwd-america-strong.html

Brood vir die pad

Is jou kerk dalk ingeteel?

PG de Jonge

In die begin was die kerk.

Nee, nie DAAI begin nie. Ek praat van die een so duskant 2000 jaar gelede, toe die eerste mense begin getuig het dat Jesus van Nasaret uit die dood opgestaan het. Dit was ’n eienaardige versameling mense vir die tyd: tollenaars, vissermanne, dokters, regsgeleerdes, en selfs vroue. Dink jou in.

Hierdie groepie het gegroei en versprei tot buite die grense van Judea met die gevolg dat die kerk skielik nie meer uitsluitlik Joods was nie. Dit het gelowiges van Antiogië, Sirië en Athene beslaan, ’n diverse mengelmoes wat saamgekom het in die belydenis van Jesus se opstanding en die implikasies wat dit vir hulle ingehou het.

Hulle was maar net mens. Hulle het gesukkel met Jesus se woorde, het kwaad geword en in kampe verdeel, maar aanhoudend bly stoei met die vreemdhede van die Christelike boodskap. Dit was nie maklik nie: eers 600 jaar ná die kerk se stigting het hulle die taal gevind om die idee van hierdie drie-in-een Christelike God te probeer verwoord.

Hoe meer hulle kon uitgepluis kry, hoe meer het die kerk verhard in hulle doktrine. Ortodoksheid is al hoe meer beklemtoon, maar met al die mededingende idees van wat dit nou eintlik behels het die kerk “uitmekaargebreek” en skerwe die wêreld vol gestrooi. Harde goed is maar bros.

Kerkgenetika het diversiteit nodig om te funksioneer. As jy enige spesie in ’n klein genoeg geen-poel hou gaan dit een of ander tyd ineenstort. Diverse idees verseker oorlewing.

Sien, ek’t ’n paar jaar gelede my belydenissertifikaatjie in ’n laai gekry. In my matriekjaar het ek, soos vele ander 18-jariges, as trotse NG-lid my belydenis van geloof afgelê. Dié stukkie papier het vol selfvertroue vertoon dat ek alles wat die NG kerk amptelik bely self ook glo.

Kyk, die NG kerk het ’n sagte plek in my hart, maar daar’s nie ’n manier wat ek met alles wat hulle leer kan saamstem nie.

Ek het onlangs besef dat dit waar is van meeste geloofsgemeenskappe. Ons vra watter kerk iemand bywoon om uit te vind wat hulle glo. Enige opvattings wat jy het wat van jou kerk s’n verskil word as ’n afwyking gesien. Ek dink dis deels omdat die kerk klaar so versplinter is: Nou, met hierdie hiper-spesialisasie van geloofsgroepe is dit dalk vir die eerste keer moontlik om ’n kerk te kry wat presies soos jy glo.

Dis moontlik, maar nie noodwendig gesond nie.

Die kerk was nie oorspronklik ’n homogene organisasie nie. Ek dink ook nie dit behoort te wees nie. Om een of ander teologie slaafs te volg is ongesond en lei tot godsdienstige inteling. Dis giftig en gevaarlik en dit is hoe kultusse ontstaan: Waar genoeg mense mekaar op die skouer klop oor hoe reg hulle is.

Dis hoekom die debakel rondom die Belydenis van Belhar vir my so vreemd is. Hoe is dit dat so iets kan maak dat mense dreig om die kerk te skeur? Kan ons nie net aanvaar dat daar mense is wat anders as ons glo nie? Dit verander tog nie die kerk nie. Met of sonder Belhar is dit steeds dieselfde groep mense met dieselfde oortuigings wat saam vir Jesus probeer volg.

Die kerk is ’n gesprek, of ten minste, dis hoe dit begin het: Nietige mense met die onmoontlike doel om die oneindige te probeer verstaan. Mense wat hewig verskil het voordat hulle saam geëet en God geprys het. Want dit is hoe mens groei - nie deur altyd saam te stem en mekaar geluk te wens oor die korrektheid van ons sienings nie.

Ek wil na ’n kerk toe gaan waar ek mag stry, waar die gesprek net so belangrik soos die uiteindelike gevolgtrekkings is. Ek soek ’n plek waar ek geskok en uitgedaag kan word deur mense wat hewig van my verskil, terwyl ons ons eenheid in Christus vier.

Dalk is dit nog altyd wat die kerk moes wees - chaoties, divers, uitdagend, maar uiteindelik (as gevolg daarvan) iets meer soos nederig, liefdevol en baie, baie lewendig.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-01-22-is-jou-kerk-dalk-ingeteel

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877